

## HOOFSTUK V.

### DIE INHOUD VAN KUNSONDERWYS.

#### 1. Kunsaktiwiteite as Deel van die Alledaagse Lewe: tot 1900.

By die Voortrekkers waar daar geen georganiseerde kunsonderwys bestaan het nie en hierdie aspek van die opvoeding aan die ouers toevertrou is, het die inhoud insidenteel uit die kunsbehoefte van die praktiese lewe voortgespruit. Ons voorouers het hulle hande gebruik om iets vir hulle werksbehoefte of vir hulle huise te maak, en wat meer is, hulle het dit dikwels ook versier met allerhande soorte ornamente sonder enige invloed van elders. Dit was openbarings van 'n eie nasionale karakter, ooreenkomstig die omgewing waarin hulle gelewe het. Kunsaktiwiteite het deel van die alledaagse lewe uitgemaak; dit was volkskuns in die ware sin van die woord.

In hierdie atmosfeer is die kinders opgevoed. Die seuns het hulle vryetyd met een of ander kerf- of konstruksiewerk deurgebring om sy vader te help, en die dogters met een of ander borduur- of vlegwerk. Vir die voortrekkergeslag was dit dus vir etlike jare nie nodig om kuns in 'n skoolleerplan op te neem nie, net soos in die geval van die Europese lande voor die 17de eeu.

Eers in 1892, toe die onderwys alleen op verstandelike ontwikkeling toegespits is, is die hulp ingeroep van dié deel van die kuns wat tot 'n verstandelike ontwikkeling sou bydra, naamlik tekene. Hierdie vak is dan as 'n byvak opgeneem waarvan die inhoud nie voorgeskryf is nie; dit moes alleen daartoe bydra om die leervermoë in die skoolvakke te prikkel. Leerlinge moes dus die beginsels van tekene aanleer en oefening in lyntekenwerk kry.

2. Tekene as Grafiese Dokumentering; die Begin van Voorgeskrewe Leerplanne: 1900-1924.

a. Kinestiese tekenaktiwiteite.

In 1903, net na die Britse bewindaanvaarding, verskyn die eerste volledig uitgewerkte leerplan vir tekenonderrig in Transvaal.<sup>1)</sup> Ooreenkomstig die akademies georiënteerde doelstelling bestaan die inhoud uit sodanige aktiwiteite wat spierkontrole en hand- en oogkoördinasie sal ontwikkel. Die klem val op bewegings vanuit die skouer, die elmboog, die hand en vingergewrigte. Tekene word dus hier toegepas in die sin van kinestetiese teken, en aktiwiteite is toegespits op werk in massas, buitelyne, en driedimensionele bewegings in modelleerwerk. Om progressiwiteit te verkry, is oefeninge op die fisiese en verstandelike groei van die kind gebaseer, dit wil sê op die graad van uitvoerbaarheid.

Graad I: Werk in massas met groot kwas, beweging vanuit die skouer.

Graad II:

1. Werk in massas met groot kwas; beweging vanuit die skouer en elmboog.

2. Werk in buitelyne met kryt; beweging vanuit die skouer.

Graad III (Sub. B):

1. Werk in massas met kleiner kwas op kleiner oppervlak; beweging vanuit die hand en vingergewrigte.

2. a) Werk in buitelyne met kryt, beweging vanuit die skouer en elmboog.

b) Gebruik van duimstok.

3. Modelleerwerk in klei; met palm van hand.

Graad IV (Standaard I):

1. Werk in massas; elementêre dier- en plantvorme; skouer-, elmboog-, handgewrig- en vingeroefeninge.

2. a) Werk in buitelyne met pen, potlood en

---

1. Report of the Director of Education 1900-1904: Drawing Syllabus, 42. -

kryt, gewrig en vingeroefeninge.

b) Gebruik van duimstok en passer vir geometriese ontwerpkonstruksies.

3. Modelleerwerk - meer ingewikkelde vorms op kleiner skaal.

Graad V en VI (Standaard II en III):

Dieselfde, maar alles al hoe moeiliker en ingewikkelder.

Seksie 1 tot 4 (Standaard IV - VII):

Progressiewe oefeninge in geometriese tekenwerk, plan- en kaartteken, perspektief van vaste liggame met gebruik van tekeninstrumente; druk- en loopskrif.

Die inhoud bestaan dus uit kalligrafiese beskrywingsmaniere, insluitende skrif.. Dit gee dus middele aan die **hand** om feite en gedagtes te registreer en te ontvang. Die leerplan moes bydra tot 'n visuele (waarneming), intellektuele (grafiese woordeskat), en motoriese ontwikkeling (spierkontrole en -koördinasies).

(i) Die tekenaktiwiteit moet hier aan die vereiste van taal voldoen. Hierby moet egter onthou word dat dit 'n tweeledige funksie besit, naamlik (i) grafiese dokumentering, dit wil sê die gebruik van tekenidiome vir mededeling en beskrywing van matematis meetbare en akkurate informasie; dit word dus hier logies en meganies uitgevoer; (ii) beeldende uiting, dit wil sê die gebruik van tekenidiome vir die uitbeelding van dinge soos hulle gesien of gevoel word. Dit word dus hier verbeeldend en kunstig uitgevoer. Dit is dan opvallend dat die leerplan die laasgenoemde funksie buite rekening laat. Die funksie word alleen in die lig van teken as 'n waardevolle middel vir die persepsuele leervermoë gesien. Die produksie van 'n vorm op papier ter wille van die motoriese aktiwiteit, dit wil sê kinestetiese tekenwerk, word beklemtoon.

(ii) Ten opsigte van ontwerp, wat ook tot die taalkundige aspek van kuns kan bydra, het ons hier alleen met die projektiewe aspek, die strukturele funksie te doen, in teëstelling met die dekoratiewe aspek, wat skoonheid beklemtoon. Die leerplan beklemtoon alleen ontwerp vir praktiese inligting; daarom die gebruik van duimstok en passer vir geometriese ontwerpkonstruksies.

(iii) Ook modelleerwerk word hier alleen in sy funksie vir dokumentering van feite, vir driedimensionele beskrywing van natuurlike verskynsels gegee en nie vir verbeeldings of skeppende uiting nie.

(iv) Die skoonheidsaspek met sy skeppende, waarderende en keurende funksie word heeltemal buite rekening gelaat; dit was 'n suiwer akademies georiënteerde leerplan.

b. Akademies Nuttige Aktiwiteite gegrond op Waarneming en Geheue.

Voordat die uitwerking van hierdie leerplan in die praktyk behoorlik getoets kon word, het daar reeds in 1906 'n ietwat gewysigde leerplan verskyn.<sup>1)</sup> In breë trekke is die leerplan op dieselfde sienswyse geskoei soos die van 1904, met die verskil dat teken en meetkunde nou geskei word. Praktiese nuttigheid staan nou op die voorgrond. Die inhoud behels dan die volgende aktiwiteite:

1. Vryhandteken in buitelyn en massas van eenvoudige voorwerpe en diere, stillewes ens.; skakering en perspektief.
2. Duimstokteken (deur Ablet ook genoem tegniese tekenwerk) op geruite en blanko papier: patrone, spasievulling en toegepaste ontwerpe vir houtsnee-, inlê-, weef- en naaldwerk.
3. Geheueteken van bogenoemde vorme en voorwerpe.
4. Kwaswerk: lyne, kolle, blare, blomme, ens.
5. Kleimodelleerwerk: diere, ontwerpe, liggaamsdele, maskers asook reliëfwerk.

---

1. Provisional Code of Regulations for Elementary Schools, 1906.

6. Ontwerpwerk (alleen vanaf St.III): herhalingsontwerp, toegepaste en strukturele ontwerpe.

7. Modelteken van gipsmodelle (alleen vanaf St.IV) in buitelyn en massas met uitbeelding van lig en skadu.

(i) Wat ons hier in vergelyking met die vorige leerplan tref, is die oorhelling na beeldende uiting. Die estetiese gevoel vir mooi lyne en fatsoene. So sê Ablet dan ook: „... the finer the appreciation of length, proportion, and inclination of lines, the greater will become the capacity for making good drawings. ... The appreciation of shape is much refined by the practice of Memory Drawing, whose special province it is to cultivate a habit of accurately observing.”<sup>1)</sup>

(ii) Onderwysers in die praktyk het dit moeilik gevind om aan die leerplan reg te laat geskied. Met uitsondering van die dorpskole is daar weinig vordering gemaak en onderwysers was meestal nie bekwaam om die vak soos voorgeskryf te onderrig nie; selfs leerkragte uit die Kaapkolonie wat in besit van 'n tekensertifikaat was, het dit moeilik gevind om aan hierdie leerplan te voldoen. Verder rapporteer inspekteur Hofmeyr in 1908: „... the dingy classrooms, the rickety desks, the backwardness of the children in reading and writing and their desultory attendance often make drawing impossible.”<sup>2)</sup> Die nuwe beklemtoning van die nuttigheidsaspek in die algemene opvoeding het 'n wysiging van die leerplan vir tekenonderrig noodsaaklik gemaak.

### c. Realiteitsbeskrywings.

Vanaf 1909 tree dan 'n gewysigde leerplan in werking. Die inhoud word nou in twee afdelings verdeel, naamlik model- en vryhandteken en reglynige tekenwerk en ontwerp. „In de eerste afdeling is 't verkrygen van vaardigheid in 't uit de vrije hand tekenen van aanschouwde voorwerpen, hoofdzaak. In de tweede afdeling staat het rechtlijnig

---

1. Ablet: How to Teach Drawing in Elementary Schools, 35.  
2. Report of Director of Education 1908, 77.

tekenen, dat leidt tot het maken van bouwkundige ontwerpen, op de voorgrond." <sup>1)</sup> Alle leerlinge moet tot en met Standaard VI onder-  
rig ontvang in modelteken, maar reglynige tekenwerk en ontwerp  
word vanaf St. V alleen deur dogters gevolg, terwyl die seuns  
die kursus in praktiese meetkunde verder moet deurwerk. Laas-  
genoemde kursus is diensbaar gemaak aan die onderwys in hand-  
werk.

Onder modelteken val aktiwiteite soos vryhandteken in  
massa en buitelyn van eenvoudige voorwerpe in perspektief en  
lig en skadu, en geheueteken.

Onder reglynige tekenwerk en ontwerp word tegniese teken-  
werk verstaan, daarom die gebruik van tekeninstrumente. Verder  
bly die inhoud presies dieselfde soos in die vorige leerplan.  
As wenke vir die uitvoering daarvan volg dan 'n lys van geskikte  
voorwerpe vir die verskillende klasse.

In die praktyk was onderwysers egter meer begaan oor die  
eksamenresultate van die verpligte skoolvakke, sodat hulle geen  
aandag aan teken as byvak kon bestee nie. 'n Tydperk van alge-  
mene verwaarlosing van tekenonderrig het in die praktyk aange-  
breek. Hiertoe het in 'n groot mate ook die eerste wêreld-  
oorlog bygedra.

Met die geleidelike ommekeer in die opvoeding na 'n meer  
vakkundige uitkyk het ook 'n hernude belangstelling in teken-  
of kundonderrig plaasgevind. So kom inspekteur Van der Lingen  
in 1922 tot die gevolgtrekking: „It (education) is a hopeless  
cramming for examination which gives the teachers no time to  
point out to their pupils the seriousness of life." <sup>2)</sup> Die  
waarde van tekenonderwys word nou in 'n nuwe lig gesien en op-  
nuut in die opvoeding ingesluit. Die estetiese, dit wat nood-  
saaklik is vir 'n beskawing, geniet al hoe meer aandag.

3. Teken as Verbeeldingsuiting; Aktiwiteite wat Oorspronklik-  
heid Prikkel: 1924-1936.

- 
1. Departement van Onderwys, Transvaal: Bepalings en Leer-  
gangen voor Lagere en Middelbare Scholen 1909, 56.
  2. Report of Director of Education 1922, 95.

a. Reeds teen die end van 1923 het die nuwe gewysigde leerplan verskyn. Die vernaamste bydrae in hierdie leergang is die insluiting van illustratiewe teken of beeldende uiting en kunswaardering (St. V & VI). Die sielkundige en estetiese aspek van die kind se verbeelding word nou beklemtoon, teken word nie langer **bloot as** grafiese dokumentering beskou nie.

Die leergang word ingedeel in:

- |       |                     |                 |                        |
|-------|---------------------|-----------------|------------------------|
| (i)   | Boetseer            | } Sub Standerds |                        |
| (ii)  | Illustratiewe teken |                 | } } Standaard I & II   |
| (iii) | Voorwerpteken       |                 | } } Standaard III & IV |
| (iv)  | Ontwerp             |                 | } } Standaard V & VI   |
| (v)   | Kunswaardering      |                 |                        |

In (i), (iii) en (iv) word die inhoud van die vorige leergang hergroepeer. Voorwerpteken en geheuewerk vind hulle plek as middels tot die bereiking van die doel, te wete noukeurige oplettheid en weergawe van wat gesien is. Maar illustratiewe tekenwerk vorm die natuurlike basis waarop die hele onderrig van tekene berus. Dit behels dan (i) speeltekening, dit wil sê soos die kind by die huis sou doen om 'n vel papier na willekeur te vul; (ii) storie-illustrasie van fabels, stories, gedigte en stories wat die onderwyser opmaak; (iii) suggestiewe tekenwerk, dit wil sê die onderwyser gee die suggestie, die kind vul aan; (iv) waarnemingsteken vir hoëre klasse.<sup>1)</sup>

b. Die leergang van 1923 kon in die praktyk nie toegang vind nie, want diensdoende onderwysers het nog baie onsimpatiek teenoor hierdie vak gestaan. Die onderrig was of baie primitief of het totaal ontbreek. Inspekteur Moir Robb meld dan ook in 1927: „In these two types of drawing work (imaginative and memory) one cannot but note the narrow view taken by many teachers of what is considered suitable subject-matter.”<sup>2)</sup>

---

1. Green: How to Teach Drawing, 11-13.  
2. Report of Director of Education 1927, 103.

Om duidelikheid omtrent die leerplan te kry, is mnr. Green gevra om deur besoeke aan skole die nodige inligting te verskaf. Sodoende het al hoe meer leerkragte 'n poging aangewend om van nou af aan tekenonderrig reg te laat geskied.

c. Die leerplan van 1929 was dan presies dieselfde as die van 1923, met die hoop dat dit met meer simpatie ontvang sou word. „Dit is duidelik dat aanpassing aan die natuurwêreld en aan die tweede geestelike wêreld wat ons beskawing noem, <sup>1)</sup> so noukeurig moontlik moet wees en so ver moontlik gevoer word.“

d. In baie skole is nou vir die eerste keer tekenonderrig ingevoer. Inspekteur Linney rapporteer dan ook: "It (the new code) constitutes a real attempt to encourage teachers to get away from the dry bones of school work and to introduce individual work and a reasoned freedom into the classroom."<sup>2)</sup> Maar daar is nog gebrek aan ywer aan die kant van die onderwyers en die vak word nog steeds verwaarloos. Waar dit wel aandag geniet, word gevind dat in die laere klasse beskrywings-tekene dikwels bewys van verfrissende oorspronklikheid en werklike uitdrukking van eie denkbeelde in lyn en kleur lewer, maar dat die werk in die hoëre klasse, ofskoon dit tegnies miskien hoër staan, stereotiep en eentonig word.

Met verloop van tyd word die leerplan al hoe meer in die lig van sosiale behoeftes gesien; die kind moes opgevoed word om esteties beskaafd binne sy gemeenskap te kan lewe.

#### 4. Kuns as Skeppende Uiting; Selfuitingsaktiwiteite, 1936-1950.

##### a. Beeldende Uitingsaktiwiteite: Produsent en Verbruikeraspek.

Kort na die besoek van mnr. Lismer verskyn in 1938 die nuwe leerplan vir kunsonderwys wat voortspruit uit die nuwe oriëntasie van kuns wat die individuele sowel as die gemeenskapslewe sal verryk. Die leergang self is gebaseer op die beskouing van kuns as skoonheidsbelewing. So word dan ook

---

1. Departement van Onderwys Transvaal: Regulasies betreffende Laerskole vir blanke kinders <sup>met</sup> insake leergange, 6.  
2. Report of Director of Education 1929, 94.



in die skema gemeld dat voorwerpteken as sodanig heeltemal uit die kursus gelaat kan word en dat die tyd bestee word aan verbeeldings- en skeppende werk van verskillende soorte, kunshandwerk sowel as prentteken. Geheueteken en illustrasie is per slot van rekening baie nou verwant, albei kan beskou word as vorms van verbeeldingsuiting.<sup>1)</sup> Die werkskema vir elke klas word aangepas by die behoeftes, vermoëns en ouderdomme van die kinders. In sy geheel behels die leerplan drie aspekte, naamlik die voorstellende of beskrywende, die skeppende en die waarderende aspek. Die indeling van die leerstof is dus op die ervarings van die kind gegrond en kan soos volg saamgevat word:

Voorstellingstekenwerk (beskrywende ervaring):

(i) Voorwerpteken, naamlik die voorstelling van eenvoudige, natuurlike en vervaardigde voorwerpe. Hierdie afdeling word egter beskou as die een wat die minste waarde ten opsigte van kuns vir die kind inhou.

(ii) Geheueteken, naamlik van onderwerpe wat betrekking het op die lewe en belange van die kind en in sy omgewing gesoek moet word. Dit is nou verwant aan illustrasie en is 'n vorm van vrye uiting; dit vorm 'n belangrike deel van die leerplan.

Skeppende uiting (opbouende ervaring):

(i) Verbeeldingsamestelling (illustrasie):

Hierdie afdeling neem die vernaamste plek in die leerplan in. Spontaneïteit moet nie ter wille van afronding opgeoffer word nie. Die onderwerpe vir hierdie afdeling moet in 'n egte en noue verband met die kindernatuur staan en nie met die idees van volwassenes omtrent wat 'n kind moet doen nie; daarom moet verhale, poësie, verslae van ontdekkingsreise en wetenskaplike avonture, aangebied word.

(ii) Ontwerp en handwerk. (konstruktiewe ervaring):

Altwee afdelings moet oordeelkundig gegradeer dwarsdeur die

---

1. Departement van Onderwys Transvaal: Omsendbrief Deel IV, Nr. 3; 20 April 1938: Aantekeninge oor kunsonderwys in die Laer Skole, ll.

die skool beoefen word. Ontwerp- of patroonteken moet as 'n saak van keuse en ordelike rangskikking beskou word. Kinders moet op die waarde en prag van goeie kunswerk gewys word en moet na 'n redelike mate van bekwaamheid streef. As die fundamentele handwerksoorte, wat opbouende gewoontes ontwikkel, word aanbeveel: weef, pottebak, houtsnee, borduur- en naaldwerk, blokdruk, papier en metaalwerk.

(iii) Waarderende uiting (genotervaring): Deur hierdie afdeling word daarna gestreef om op alle moontlike maniere 'n fyn waarneming van skoonheid, onderskeidende smaak en 'n begrip van die waarde van doelmatigheid aan te kweek; byvoorbeeld deur klasversiering en besprekings van ou meesterstukke, die natuur, kunsprodukte of enigiets wat beeldend is.<sup>1)</sup>

Hierna volg detailleerde werkskemas vir die verskillende klasse. Die vernaamste soorte kunsaktiwiteite vir die substanderds, standerd 1 en 2 is verbeeldingsillustrasies, patroonteken, modelleer, papier en vlegwerk. Vanaf standerd III word voorstellingstekenwerk en kunswaardering ingesluit.<sup>2)</sup>

b. Kuns as 'n Estetiese Ervaring.

Dit is dan opvallend dat kuns en teken nie langer as 'n kinestetiese maar as 'n estetiese ervaring beskou word. Hoe word dit gekenmerk?

(i) Teken as beeldende uiting: Die inhoud moet van onmiddellike of toekomstige individuele waarde wees. Die klem word van suiwer waarnemende uiting na skeppende uiting verskuif. Voorwerpteken word alleen in die hoëre klasse gedoen. Die inhoud van die werk moet uit die kind se eie lewe voortspruit.

As die enigste leemte van hierdie leerplan kan miskien aangevoer word dat die onderrig in die lees en skryf van grafiese idiome ten koste van skeppende uiting op die agtergrond geskuif word.

- 
1. Departement van Onderwys Transvaal: Omsendbrief Deel IV, Nr. 3; 20 April 1938: Aantekeninge oor Kunsonderwys in die Laer Skole, 16-17.
  2. T.a.p., 21-45.

(ii) Ontwerp en handwerk: Dit was op grond van 'n neiging tot die praktiese in die opvoeding dat handwerk hier ingevoeg is. Die inhoud van ontwerp en handwerk moet dus gesien word vanuit die oogpunt van hoe doeltreffend dit is en in watter mate dit 'n estetiese rekonstruksie van die omgewing teweegbring. Die doel is dus om sodanige kunsaktiwiteite te laat beoefen wat die skoonheid van die omgewing sal verryk. Hierdie toegepaste kuns is dus noodsaaklik gemaak deur 'n kunsstudie wat in verband met die individu en sy omgewing gebring moet word.

Ook hierdie afdeling is nuut in die opsig dat dit nou nie alleen die strukturele fase van ontwerp insluit wat aan die nuttigheidsbehoefte voldoen en die motoriese ervaring beklemtoon nie, maar dat dit nou ook klem lê op die dekoratiewe fase, wat aan die estetiese behoefte voldoen en die ornamentele ervaring beklemtoon. Nuttigheid en skoonheid vorm 'n eenheid.

(ii) Waardering: Dit is die eerste keer dat ook hierdie afdeling in 'n leerplan ingesluit word. Die inhoud hiervan behels dan estetiese oorpeinsing en die waardeberekende en keurende aspek, dit wil sê die produsent sowel as die verbruiker se aspek.

Waar ons tot dusver altyd te doen gehad het met leerplanne wat óf op die akademiese of die ekonomiese óf die kulturele aspek gegrond was, vind ons hier vir die eerste keer 'n verwesenliking van die gulde middeweg, naamlik 'n kunsopvoeding wat kultureel-ekonomies van aard is, en die produsent sowel as die verbruiker se aspek in aanmerking neem.

Die funksie van die onderwyser bly egter nog ietwat vaag. Ons weet byvoorbeeld nie waarin sy hulpverlening moet bestaan en wat hy kan gee waarop die kind kan voortbou. Die selfwerkzaamheid en in 'n groot mate dus ook die selfopvoeding van die leerling vorm die grondgedagte. So is dan in die praktyk die onderrig ter wille van die aktiwiteit gegee. Die uitgangspunt is geleidelik van kuns na handwerk verskuif, omdat kunstalente, soos gemeen, by slegs enkele aanwesig is, dit sou

vir elke kind makliker wees om in een of ander handwerk skeppend te kan optree. Hierdie gedagte het dan aanleiding gegee tot 'n beweging wat die vrye skeppingsuiting van die kind bepleit.

c. Uiting deur Handwerk- of Kunsvlytaktiwiteite;  
Toepassing van Ontwerp.

In die nuwe leerplan vir kunsvlyt van 1942 word gemeld dat die oogmerk is „om alle kinders die geleentheid te gee om hulself skeppenderwys tot uiting te bring.“<sup>1)</sup> In die handwerkaktiwiteit self moet die sielkundige ontwikkeling en potensialiteit van die kind in aanmerking geneem word. „Ons moet wel deeglik rekening hou met die wyse waarop klein kindertjies handwerk verrig.“<sup>2)</sup>

Die basis waarop die hele leerplan berus, is vrye skeppingsuiting deur middel van handwerkaktiwiteite. Die inhoud word dus volgens dié tipe van werk ingedeel:

Sub A tot Standerd I: Skeppingsuiting, dit wil sê uiting wat kensketsend is van die kind se eie ervaring en omgewing, aan die hand van stories, kinderversies, sprokies en legendes asook van ander vakke. Dit word uitgevoer deur prentemaak, boetseerwerk, sandtafelmodelle, patroonmaak, weefwerk, naaldwerk, mandjiewerk, speelgoedmaak en groepaktiwiteite.

Standerd II tot Standerd VI: Hier word die inhoud in vyf afdelings verdeel:

(i) Komposisie, om die kind te help om idees in kleur, vorm en lyn uit te druk. Dit sluit dan in prentemaak naamlik illustrasies van stories en ervarings; "prente aan die hand gedoen deur klank, reuk en aanraking,"<sup>3)</sup> asook natuurteken en plakkaatontwerp.

(ii) Kleur: kleureksperimente en kleurskakerings, kleurskemas.

(iii) Ontwerp soos vryhandontwerp, stokkiesdruk, ertappeldruk, sjabloneer, papierpatrone, vingerontwerp, gebruik

---

1. Departement van Onderwys Transvaal: Voorgestelde leerplan vir Kunsvlyt 1942, 2.

2. T.a.p., 2.

van hout, sand, teksies, spykers en draad. Ontwerpvertolking van musiek, poësie, danse en klapritmes.

(iv) Handwerke: Onder hierdie afdeling word 'n opgaaf van die moontlike handwerksoorte gegee, byvoorbeeld naaldwerk, spin en weef, mandjiewerk, boekbind, speelgoedmaak, breiwerk, pottebak, hout- en metaalwerk, kartonwerk, leerwerk, katoendruk, huisvlyt en toegepaste ontwerp soos matwerk, brandwerk, basreliëf, applique, ens.

(v) Ten slotte word ook gesamentlike ondernemings soos tuinontwerp, binnenshuisversiering, plaasopstal en toneel-skikking ingesluit:

Die leerplan sluit alles en nog wat in met volledige uiteensettings van die verskillende handwerksoorte (bls. 34-48).

Dit is dan onnodig om verder in besonderhede hierop in te gaan, want die onuitvoerbaarheid en ondoeltreffendheid spreek vanself. Die leerplan is slegs 'n toets vir die vernuf en vindingrykheid van die onderwyser en besit min opvoedkundige waarde; dit hoort eerder by 'n tegniese of ambagskool tuis. Die uitvoering hiervan veronderstel 'n aansienlike voorraad materiaal, toerusting en gereedskap, asook 'n wye en grondige kennis van die verskillende handwerkprosesse en werkmodes, en 'n diepgaande kennis van kindersielkunde en -potensialiteite.

d. Kunsaktiwiteite ter wille van die Ontwikkeling van die Kunssin.

In 1948 verskyn dan die nuwe voorgestelde leerplanne vir Grade tot Standaard VIII wat die vorige vervang. In die inleiding word slegs die volgende bygevoeg: „Elke kind in die laerskool behoort in kuns onderrig te ontvang. . . . Dit word nie bedoel nie, en in werklikheid is dit onmoontlik, dat al die voorgestelde vlyte by dieselfde skool aangepak behoort te word.”<sup>1)</sup> Een van die vlyte sou dus voldoende wees.

---

1. Departement van Onderwys, Transvaal: Voorgestelde leerplanne vir Grade - Standaard VIII, 1948, 196.

Ons vind dus hier die neiging tot 'n terugwaardse verskuiwing van die klem op die kunsaspek. Die inhoudsindeling bly wel nog dieselfde, met die verskil dat die afdeling oor handwerk heelwat ingekort is. Alle klasse ontvang dus onderrig in prentemaak, ontwerp en kleur, modelleerwerk, naaldwerk (vir dogters) en enige vlytaktiwiteit (vir seuns).

Sedertdien het daar nie weer 'n nuwe leerplan verskyn nie. 'n Kritiese bespreking van die huidige inhoud verskyn dan onder Afdeling C van hierdie verhandeling.

## 5. Slot.

Uit 'n histories-kritiese standpunt gesien, is dit dan opvallend dat leerplanne altyd die een of die ander uiterste van oriëntasies beklemtoon het, met uitsondering van die leerplan van 1938, wat 'n strewe na die gulde middeweg beliggaam; dit sou dan ook tot dusver die aanneemlikste leer-gang wees. Ons het dan in die verlede met die volgende inhoudsontwikkelinge te doen gehad:

(i) Van teken as grafiese dokumentering na kuns as estetiese uiting.

(ii) Van 'n pedagogiese (wat die kind behoort te kan doen) na 'n sielkundige oriëntasie (wat die kind wil en kan uitvoer).

(iii) Van 'n inhoud vir intellektuele ontwikkeling na een vir estetiese vorming; van kinestetiese na estetiese teken.

(iv) Van 'n behoefte vir die individu na 'n behoefte vir die gemeenskap.

(v) Van strukturele ontwerp na toegepaste ontwerp - struktureel plus ornamenteel.

Die inhoud vir 'n kunsopvoeding moet uiteindelik weer verskuif van die manipulerende aktiwiteite na die spesifieke inhoud wat aan kuns eie is. „This specific subject matter of art education is to be found in communication as carried on through graphic and plastic means, in the esthetic accompaniments which tend to gather about utilitarian activities, and in the creations of beauty which come from the esthetic

adaptations to environment made by man."1) Wat ons dus bepleit is nie tekenonderrig, kunsonderrig of kunsvlyt nie, maar 'n kunsopvoeding.

---

1. Nyquist: Art Education in Elementary Schools, 142.